Flip Buys: Dis tyd vir ’n tienpuntplan vir Afrikaans- Rapport

Daar is teen dié tyd gelukkig nie meer Afrikaanssprekendes oor wat regeringsbeloftes oor Afrikaans glo nie. Almal het seker darem nou al agtergekom dat die wolf die skaap met mooi woorde vir aandete genooi het.

Dit is maar goed so, want nou kan ons aan oplossings begin werk. Die probleem was dat mooi grondwetlike bepalings, hoge politieke gerusstellings, belangrike kommissies van ondersoek en ’n klompie Afrikaanse meelopers amper almal aan die slaap gesus het.

Die gevolg is dat Afrikaans se ruimte sedert 1994 seker al met 50% gekrimp het.

Daarom moet ’n prakties uitvoerbare plan nou vinnig gemaak en nog vinniger uitgevoer word, voordat daar meer Afrikaans in Australië gepraat word as hier.

Die eerste stap in so ’n plan moet wees dat die intellektuele begronding vir veeltaligheid, Afrikaans en moedertaalgebruik deeglik gedoen moet word.

Daarom sal selfstandige navorsingsinstellings gestig en deur die Afrikaanse gemeenskap gefinansier moet word om die ideedroogte te verbreek. As die ideegeveg nie gewen word nie, het ons die taaloorlog verloor.

Tweedens moet bestaande Afrikaanse instellings ondersteun word en waar nodig behoort nuwes geskep te word. ’n Taal sonder instellings om haar te dra is dood. Die beginpunt moet sekerlik vermenigvuldigers soos opvoedkundige instellings en Afrikaanse gemeenskapsradio’s wees. “Taalproduksie” deur sulke instellings is nodig om “taalverbruik” deur byvoorbeeld kunstefeeste volhoubaar te maak. Daar is nie ’n alternatief vir die behoud en verbreding van huidige taalruimtes en die skep van nuwe ruimtes nie.

Die beskerming van die sprekers van ’n taal is volgende op die sakelys. Dit behels beskerming soos werk- en opleidingsgeleenthede en ander grondwetlike regte. Sonder hierdie beskerming sal die Afrikaanse massas landuit gaan, en sal ons taal mettertyd in duisende kele stil raak. ‘n Deel van hierdie beskerming kan wees om die beleid van “verteenwoordiging” in die konstitusionele hof te toets om te keer dat alle instellings in die land swart beheer en Engels word.

Taalbemagtiging is die vierde punt, en raak veral jong mense en arm Afrikaanssprekendes. Die Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans se Christo van der Rheede redeneer nie verniet dat taalmiskenning ’n groot oorsaak van armoede en die mislukking van ontwikkelingsprojekte is nie. Die beginpunt is moedertaalopleiding, en die Afrikaanse gemeenskap behoort stigtings soos dié en projekte soos die Rapport Onderwysfonds te ondersteun.

Vyfdens sal almal moet help sorg dat Afrikaans sy krimpende ekonomiese waarde behou.

Daar is in Indië en baie ander lande in die wêreld talle voorbeelde van maniere waarop die ekonomiese waarde van ’n minderheidstaal op werk- en handelsgebied aangewend is om vir sy sprekers ’n toekomsmoontlikhede te skep.

Die sesde punt, wat reeds lekker loop, is om geleenthede vir taalverbruik te bevorder. Hiermee word veral na Afrikaanse musiek- en kunstefeeste verwys.

Die bevordering van veeltaligheid is noodsaaklik, en dit skep groter ruimtes om Afrikaans te bevorder. Dit kan ook bruê bou na ander taalgemeenskappe, en kan help om politieke vooroordele af te breek.

Ten agtste moet goeie taalbemarking die individualistiese verbruikerskultuur teenwerk. Ons grootste

vyand is onkunde. Mense moet herinner word dat Afrikaners se huidige ekonomiese voorspoed die vrug is van die gesamentlike aksie van vorige dekades op die taal-ekonomiese terrein.

Internasionale skakeling is nodig om jouself nooit te isoleer nie, om uit buitelandse lesse te leer, en om kontak met die Afrikaanse diaspora te behou in belang van ons taal.

Die tiende punt gaan oor finansiering. Hermann Giliomee sê betekenisvol wat ons vandag met Afrikaans het is die produk van die beleggings en momentum van ’n vorige era. Die toekoms van Afrikaans hang af van watter nuwe beleggings hierdie geslag Afrikaanssprekendes bereid is om te maak. Niks wat die moeite werd is kom verniet nie. Die ontwikkeling en uitvoering van ’n Afrikaanse plan gaan geld kos, en almal sal moet bydra.